



STABILIS SS

Adios Annus Mirabilis

Year of miracles and many highlights reaches a climax with a stylish and memorable matric farewell

Foto: Le Riche Coetzer

All good things inevitably come to an end. The 2010 'Annus Mirabilis' matrics have a victorious year in the bag and celebrated it in similar fashion at the matric farewell.

The grade 11 parent committee organises this event every year. This year it was totally different

from last year's. "It had a totally different atmosphere; it felt as if we were in a lounge. We were served with cocktails and small snacks," says Francois Venter, a matric learner. The whole layout was designed to make the boys feel special and appreciated. It also

gave them a valid reason to miss the institution that moulded them into the young men they are today.

This year a very special guest speaker was invited. He was the school captain of the present year's matrics when they were in grade 8, Danie Calitz. He wished them a

pleasant evening and gave them a few tips for the outside world.

The proceedings of the evening were well-planned. The matrics experienced an evening to remember. Some danced gracefully with their partners while others had to settle with a

friendly chat with their apprentices. "Before I could open my eyes, the evening was added to my fond memories," says Gustav Muller.

The school bids the 2010 matric class farewell.

- Quintin Beukes

Nuus

bl 2

News

p 4

Diepte

bl 7

Sport

bl 12



Unieke prestasie vir 'n skool in SA word op die rugbyveld behaal



BlackBerry phones become the must-have luxury for communication



Twitter se tweets word 'n algemene verskynsel op sosiale netwerke



Bedrywige jaar in die swembad lok belangstelling uit alle oorde



Mr Price Sport is a proud supporter of Grey Rugby



BLITSNUUS

Skaakspelers presteer puik op nasionale vlak

Deur die loop van die kwartaal het die Nasionale Skaakkompetisie by Eunice plaasgevind. Grey se skaakspanne het goed presteer te midde van sterk mededinging.

In die o/19-afdeling het die Grey-span, bestaande uit Ockert Louw, Billy Phitsane, Pierre Venter, JF Swanepoel, Petri Claassen en Xolani Nondeyi, goed presteer deur 'n agtste plek te behaal. Die o/17-span het nog beter presteer deur 'n goeie vierde plek te behaal, terwyl die o/15-span vir die beste prestasie gesorg het met 'n uitstekende derde plek teen sterk kompetisie. Elkeen van hierdie spanlede het dus huis toe gegaan met 'n bronsmedalje.

BELANGRIKE DATUMS

9 tot 11 Januarie
Grey High Kriektfees

12 Januarie
Skole open om 07:45

17 Januarie
Grey ABSAA Atletiekbyeenkoms

19 Januarie
Grey ABSA Interhuis Gala

21 en 22 Januarie
Krieket teen KES en St John's

27 tot 30 Januarie
Grey ITEC /18 Waterpolotoernooi

29 Januarie
Krieket vs Grey High School

4 en 5 Februarie
Affies Aflosgala

5 Februarie
Krieket vs Hilton Kollege

Nege Bokke kom van hier!

Sonderlinge prestasie is waarskynlik 'n eerste in SA



Vier van Grey se Springbokke op die oefenveld: Adriaan Strauss hardloop met die bal. Agter hom is Coenie Oosthuizen en CJ van der Linde, met Ruan Pienaar heel regs.

Foto: Verskap

Ongeloflik! 'n Eerste vir die land, 'n eerste vir die Vrystaat en 'n eerste vir Grey. Nege oud-Greys is as Springbokke gekies vir die Grand Slam rugbytoer na die Verenigde Koninkryk.

Die spelers is (matriekjaar in hakies): CJ van der Linde (1996), Jannie du Plessis (2000), Bismarck du Plessis (2002), Ruan Pienaar (2002), Adriaan Strauss (2003), Flip van der Merwe (2003), Deon Stegmann (2004), Francois Steyn (2005) en Coenie Oosthuizen (2007).

Mnr. Johan Volsteedt, skoolhoof, beskou dit as 'n groot

prestasie vir Grey. "Om doelwitte te stel en hard te werk om dit te bereik is die suksesresep wat Grey aan die manne oorgedra het," sê mnr. Volsteedt.

Mnr. Dries van der Wal is al 23 jaar betrokke as afrigter by die eerstespan en 4 jaar as spanbestuurder. In hierdie tyd, sê hy, het daar 21 oud-Greys die groen-en-goud oor hul koppe getrek.

Nicolaas Immelman, talentvolle rugbyspeler, sê dat hy soos baie ander Grey toe gekom om tussen die beses te wees. Mnr. van der Wal verklaar dat die motto van Grey-rugby is om iets nuuts in te

bring sodat dit nooit stagneer nie.

In 'n telefoongesprek met Ruan Pienaar, Springbokskrumskakel, laat weet hy uit Edinburgh: "Grey het oneindig baie vir my rugbyloopbaan beteken. Die kameraadskap, dissipline en toewyding waarmee elke Grey-seun vir hul skool gespeel het, was ongeloflik!"

Watter boodskap is in hierdie prestasie van die nege oud-Greys vir die huidige leerders van Grey Kollege? Ruan Pienaar sê: "Jaag jou drome na, werk hard en aanhoudend – moenie opgee nie!"

- Luan Reynders

Long-standing tradition does not diminish as time goes by

Once a year on 13 October the whole Grey family come together to celebrate the birth of their incredible alma mater.

This day, known as Founder's Day, is a tribute to all the Old Greys that have walked these hallowed halls we call Grey College. Wherever you tread on this reuniting day you will see Old Greys from every generation sharing their fondest memories of this place they call home.

Every year thousands of Old Greys gather to reminisce and take part in all the activities that are on the go.

Every sport imaginable is contested for, between the new and old the generation, from the main event, the cricket game on The Johan Volsteedt Oval to waterpolo at The Gustav Fichardt Pool. "It is a great honour and an amazing experience to play against legendary cricketers Grey has produced over the years," says Corné Dry, a first team cricket player.

The reunions of many years are also celebrated on this great day, from those fresh out of The College 2005 to the veterans of 1970. "What brings me back is the people, the pride, the camaraderie, and the thankfulness to be part of such a institution," says Neels Wagner, a truly loyal Old Grey.

The magic of this place is something that cannot be described. It is something powerful, drawing people from the furthest corners of the world just to share one day with this amazing place.

- Vincent Engelbrecht

Supporter of Grey College




FNB
First National Bank

Proudly South African

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd

Supports Grey College Sport



Party universiteite is gewilder as ander

Met die menigte opsies van universiteite in Suid-Afrika, bevind talle jong mense hulself by 'n kruispad. Soos Mark Twain gesê het: "Plan for your future, because that is where you are going to spend the rest of your life."

Daarom is daar met 'n paar Grey-seuns gesels oor moontlikhede vir die toekoms, en die universiteit(e) van hul keuse. Na afloop van die gesprekke is daar vasgestel dat daar vier gewilde universiteite is (sien langsaan).

Die US-kampusse huisves verskillende kulture, met die menigte studente-organisasies wat op die vier kampusse aangetref word. Bekende studente-aktiwiteite, soos Karnaval en Vensters, dra by tot die eiesoortige ervaring van Matie-wees.

Die UV word erken as 'n leier op die gebied van transformasie in hoër onderwys in Suid-Afrika. Die universiteit word ook geloof vir sy taalbeleid. Boonop dra dié universiteit by tot die identiteit van Bloemfontein.

Die UP is 'n diverse universiteit wat getransformeer het na 'n multikulturele, veelrassige universiteit, wat kwaliteitonderrig aan Suid-Afrikanners bied.

Vyf jaar na die samesmelting, word die NWU erken as een van

Keuse van tersiêre instansie vir naskoolse studie



Universiteit van die Vrystaat
45%



Noordwes Universiteit
15%



Universiteit van Stellenbosch
20%



Universiteit van Pretoria
10%

Ander universiteite **10%**

Grafika: Reinhard Arndt

die bes-bestuurde en mees innoverende universiteite in Suid-Afrika. Soos hul slagspreuk, "Innovasie deur diversiteit", sê, gaan hul voort om multikulturalisme, veeltaligheid en

multinasionalisme aan te moedig. Mag die bogenoemde inligting as rigtingaanwyser(s) dien vir lesers wat hulself by hierdie kruispad bevind.

- Reinhard Arndt

LATE NEWS

Anglo American recognises hard work

Grey College were one of only ten schools in South Africa to be honoured for academic achievement in Science and Mathematics recently.

The school received a certificate and a cash amount for R150,000 from Anglo American at a function in Johannesburg. The certificate and cheque for R150,000 were received by Mr Gavin Goosen, Mathematics Head of Department, representing the school. Several of the Sunday newspapers, like Rapport and the Sunday Times, reported on this and provided the school with excellent publicity.

Grey has been one of the best schools in Science and Mathematics for a number of years and was selected as the top-achieving school in the Free State in Mathematics and Science on no less than three occasions. Given the school's extremely busy extra-mural programme this can indeed be regarded as an excellent achievement.

The teachers in the Science and Mathematics Departments work hard to achieve these excellent results. Their effort is commendable, because they succeed every year in the midst of a very demanding extra-mural programme.

Hoof-krieketveld dra uiteindelik die naam van 'n lewende legende

Johan Volsteedt Krieket-ovaal bring op gepaste wyse hulde

Dankie tog! Die hoof-krieketveld by Grey staan nie meer as bloot die Hoofveld of 'Oval' bekend nie. Dié

pragtige veld het nou 'n naam. Tydens die verjaarsdagvieringe in Oktober het die tradisio-

nele Past-Present krieketwedstryd plaasgevind. Op dié dag, soos gewoonlik 'n Vrydag, is die hoof-

krieketveld amptelik herdoop na die Johan Volsteedt Krieket-ovaal.

Die amptelike verrigtinge vir die benaming van die veld het plaasgevind gedurende middagete in die Grey Pawiljoen tydens die Past-Present krieketwedstryd. Die idee vir die nuwe naam vir die veld is die breinkind van die voorsitter van die Grey Reünie, mnr. David Roberson.

Daar is gevoel dat daar op dié manier erkenning gegee kan word aan die besondere rol wat mnr. Volsteedt in Grey se krieket gespeel het. Hy is sekerlik een van die enigste skole-afrigters in die land wat kan spog met twee Protea-kapteins onder die seuns wat onder sy hande deurgeloopt het, naamlik Kepler Wessels en Hansie Cronjé.

Die verrigtinge is bygewoon deur verskeie eregaste, waaronder mnr. Ewie Cronjé, beskermer van Grey se krieket. Ander teenwoordiges sluit in die spanne wat op dié dag teen mekaar meeding het en die personele van die sekondêre en primêre skole.

- Willie Louw



Mnr. Ewie Cronjé (beskermer), Johan Volsteedt (skoolhoof), David Roberson (voorsitter van die Reünie) en Pierre Hugo (kriekethoof) tydens die inhuulding van die veld.

Foto: Riaan Carr

German visitors adapt easily to prison-like discipline at our institution

"Heil Hitler!"; one of the first terms most of the German boys visiting Grey College Secondary heard upon their arrival to the school, but despite some of these initial prejudices, the Germans were soon as much part of the school as anyone.

Just after the June holiday seven boys from an international student exchange program arrived at the school, unsure of what to expect and what was expected of them. They received no special treatment and had to adhere to the rules like any other Grey

Gentleman. At first some of them described the discipline like that which they would expect in a prison, but after their first interschool their attitudes changed.

They got involved in supporting the sport, playing hacky-sack during break and

waiting in line at the Tuck Shop, picking up phrases like "awé", "bru" and "lekker", up to the point where it was nearly impossible to distinguish them from other boys.

All good things must come to an end though and so the first German students started heading

back home by the end of September and the last one left just before our final exams. The Grey boys learned that the Germans are people just like them, helping to remove many misconceptions about South Africa.

- Willie Louw

Diversity must be developed as a source of strength

How many boys in our school can speak more than the two main languages presented at the school?

South Africa is a very diverse country indeed, boasting, amongst other things, eleven official languages. Grey College has, for most of its history, been a parallel-medium school providing education in English and Afrikaans. The question has been raised, 'Should Grey introduce an African language or two into the curriculum?' Wimpie Greyvenstein, a grade 11 learner, who recently was a participant in an student exchange programme to Germany, says the following: "In Germany, the normal public school has 4-5 languages available." He reckons Grey should do the same and offer more languages.

While it would be highly impractical, with a record number of pupils at Grey already, to implement a new home language,

the possibility of introducing it as a second or third language option would be a lot more feasible. There is a feeling that another of the official languages might be a welcome change. There is no necessity to do away with the parallel-medium policy of the

to those who stay in the country," says Khotso Molebeleli, a learner at Grey.

Jaco De Swardt disagrees however, saying that the languages offered now are more important in a corporate and political environment. Other boys feel that French

or Spanish might also be a useful addition to the syllabus. Calyb Soekoe argues, "Grey is a multi-cultural school and I believe that some African languages should be introduced to allow black students to get closer to their heritage because at Grey our heritage is very important."

There seems to be a general feeling that perhaps a new African language should be considered. The disregard for African languages might prove to be counterproductive in a country like South Africa. The time for change is ripe.

- Billy Grünow



school. "I believe that we should have a choice between Sotho and German as a second additional language, since many people might never leave the country, let alone go to a German-speaking country, but Sotho would be useful



HOBBIT

BOUTIQUE HOTEL

ESTABLISHED 1993

★★★★

SPESIALE NAWEEKAANBOD

R600 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.

Vanaf 1 Maart 2010



Nuwe eienaar:
Jannie van der Westhuizen (Oud-Grey)
TEL / FAX (051) 447 0663
CELL 083 305 8434
hobbit@telkomsa.net · www.hobbit.co.za
19 PRESIDENT STEYN AVE · WESTDENNE · BLOEMFONTEIN



A 'Berry' is the fruit of the moment

Microsoft's answer to Apple's iPhone is a must-have for communication



BlackBerry cellular phones are taking over society as we know it.

Photo: Simon Sonnekus

A boom in the use of BlackBerry phones has rocked teenage trends and technology. Microsoft's answer to the Apple iPhone has become a social must-have.

BBM or BlackBerry messenger has fast become the

new instant messaging craze. Many teachers, such as Mrs Celeste Venter, have also submitted to the "BlackBerry Boom". "Blackberries are for people who email often or kids whose parents have way too much

money," says Miss Cheré du Toit. The craze has taken over all forms of technology, including Facebook and Twitter. The essence of the mobile phone has changed much since the beginning of the portable telephones era and the

BlackBerry proves it. "You feel the technology at your fingertips," says Coenie Klopper. This is what the BlackBerry does so well; it brings the world closer to the user. - Simon Sonnekus

KORTNUUS

Hulle word nie maklik vasgevra as dit kom by tegnologie nie

Die Sentrale Universiteit van Tegnologie (SUT) in die Vrystaat reël elke jaar 'n vasvra in die hoërskole, gemik op inligtingstegnologie en die wetenskappe.

Dié vasvra word georganiseer deur die Fakulteit vir Ingenieurswese en Inligtingstegnologie en het deur die jare ontwikkel tot 'n baie gesogte kompetisie, met groot en bruikbare pryse, spesifiek gemik op verdere onderwys en opleiding.

Grey is verteenwoordig deur David Langford, David Pawson en Billy Grünow. Die Grey-span het puik presteer en 'n uitstekende tweede plek behaal. 'n Eerste plek sou uit die aard van die saak beter wees, maar die pryse wat verdien is met 'n tweede plek is nie te versmaai nie.

Die pryse sluit die volgende in: Twee beurse van R8 000 elk vir studie in Ingenieurswese aan die SUT in 2011, 'n verdere beurs van R16 000 aan 'n IT-student vir 'n CISCO rekenaarskursus sowel as rekenaarsagteware ter waarde van R10 000 om aan te wend vir die opgradering van programme vir die ontwikkeling van leerders in Inligtingstegnologie en Fisiese wetenskappe.

Die skool het hierdie beurse reeds aan verdienstelike seuns, wat vanjaar matriek skryf, toegeken. Hulle sal dit volgende jaar goed kan gebruik.

A sound knowledge of computer applications is the way forward

Subject choice can be stressful as any grade nine student knows. Over the years many of the subjects have remained the same, however Grey has seen the addition of a new subject: CAT, short for Computer Applications Technologies.

CAT is a new computer training course offered as a school-day subject at Grey. It covers the more basic applications on the computer, and teaches you how to use Microsoft Office to the full as well as the various components of the computer and what their functions are. Currently there are 63 Afrikaans and English grade ten learners taking the subject, but 79 is the expected number of students for next year. According to Mr Paul Potgieter and Mr Barry Schutte, the CAT lessons have good content and are considerably


easier than most other subjects. CAT benefits you immediately, with regards to other school projects done on the computer. Extra costs involve, as with all subjects, text books and an internet connection for research tasks. A computer with an active internet connection at home is strongly recommended, but not required.

Mr Volsteed said, "I think it is a very useful subject in the technological era and also to boys who are interested in this field of work".

Josiah van Rooyen, currently in grade 9, will be taking CAT in grade 10. He says, "I'm taking it next year because I enjoy computers and would like to know more about them; it's also a cool subject and it will definitely help me with my marks".

- Jarryd Scholtz

2010 Gr 9s taking CAT in 2011



Graphics: Jarryd Scholtz

Now might be the time to revamp the school song

Stabilis - not only a word at Grey College but also the title of our beloved school song. Ideas have been staged to incorporate English and Sesotho into our all-Afrikaans anthem.

The headmaster, Mr Johan Volsteed, explains the idea to translate the school song, "It's something many people have suggested and I refused to do it; however times are changing and since there is such a diverse group of cultures at the school, I think it is only fair to accommodate everyone."

Some scholars strongly

believe to keep the school song unchanged because "it's perfect the way it is." Others are enthusiastic about the idea as it's a chance to start a new era at the school. Jade Teise, grade 11 student, states, "New history can always be made."

It took Grey 106 years to obtain a school song. In 1961, Mr A K Volsteed staged a country-wide competition to obtain the lyrics and tune for the song. A total of 37 entries were received and the final choice was made by the staff and boys.

Khotso Molebeleli, grade 11

student, commented, "It's excellent as it is. The song has been here for so long and has great meaning, not only to us but also the Old Greys." Many boys conceded that they would not mind looking at alternatives, however.

Whilst Mokete Moleleki, a pupil positive about the change, states, "It's a two-way street but I believe it's about moving forward into the future." It's up to us; just as the boys of 1962 decided on "Stabilis" so should we agree on a solution, after all, "ons bou 'n eenheidstoekoms hier."

- Claudio Achadinha

Grey scores with Hertz

Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary - whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations in SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to www.greycollege.co.za and click on the Hertz logo or call **0861 600 136**. Terms and conditions apply.

#1 in car rental worldwide

Abri neem 'Broadway' op horings met sy talent op die dansvloer

Hardwerkende student verower die hoogste toekenning in New York

Dans, dans, dans. Dis wat Abri Hellmuth tans in New York by die Broadway Dance Centre, die bekendste dansskool in die wêreld, studeer. Hy is 'n oud-Grey wat sy skoolloopbaan in 2009 hier voltooi het.

In daardie jaar word 'n werkswinkel van die BDC in Bloemfontein gehou, waar hy aangemoedig word om aansoek om toelating tot die dansskool te doen.

Die dansstyle wat hy beoefen, sluit in: moderne dans, hip-hop, ballet, en 13 ander dansstyle. Sy sterk punt is klop-dans. "Dis nou tap," vertel hy. "Daardie dans met die skoene met die staalplaatjies in die sole." Hy het in die paar maande, wat hy in New York is, al saam met die grootste name in die dansbedryf gewerk. Hoe klink Lady Gaga en Beyoncé se choreograaf, Sheryl Murakami?

Abri was deel van die Waka Waka-dans in Times Square. Hier het die studente aan die BDC op Times Square gedans ter viering van die Sokker Wêreldbeker in Suid-Afrika. Hy het al in drie musiekvideos opgetree, en was ook deel van die Halloween Parade Performance in NY.

Hy het vroeg naam gemaak deur die "Outstanding Student Award" te wen as hardwerkendste student wat die beste presteer. Dit is die hoogste toekenning wat iemand kan kry in sy kursus. Abri glo dat hierdie toekenning nog baie deure in New York, asook regoor die wêreld, vir hom sal

oopmaak.

En die toekoms? Hy beplan om nog tot einde Januarie 2011 in

New York te bly. Dan skuld hy sy familie in Suid-Afrika 'n kuitertjie. Hy kom in Januarie terug



Abri Hellmuth maak naam in die 'Big Apple'.

Foto: Verskaf

Bloemfontein toe. Moontlik sal hy by UNISA inskryf vir 'n kwalifikasie. Voor hy terugkeer New York toe, sal hy saam met sy ou dansskool in Bloemfontein 'n paar optredes doen.

"New York is ongelooflik!" sê Abri. Hulle leef blitsvinnig daar. Sy eerste maand in Amerika was moeilik. Hy het baie na die huis en SA verlang, maar toe hy goeie vriende daar gemaak het, het alles glad verloop. "My hart bly in Suid-Afrika."

En die ding wat hy die meeste van SA mis? "Wanneer ek aan SA dink, dan besef ek net daar is niks soos 'n braai saam met familie en vriende nie." Maar die afstand tussen Suid-Afrika en die VSA is vir hom erg.

Sonder Grey se opvoeding sou hy nooit die groot stap in sy lewe geneem het om te begin dans nie. Grey het hom 'n sterk mens gemaak en hom gehelp om sy voete oorse te vind. Die jare op Grey was een van die wonderlikste tye van sy lewe. Hy het wonderlike vriende gehad en hulle het hom in sy dans ondersteun. Hy het hulle weer ondersteun in hulle rugby. Hy was by elke Koorfees betrokke en het hier sy hart uitgedans.

Abri is dankbaar dat Mnr. Volsteed hom deur al die jare met sy dans ondersteun het.

In ware Grey-gees leer hy drie waardes op skool: nederigheid, pligsgetrouheid en hardwerkendheid. "Hierdie drie beginsels kan niemand van my wegvat nie," sê Abri.

- Wijbren Nell

STACCATO

Ons stel bekend:
Die Konsertina



'n Verskeidenheid instrumente word in tradisionele boeremusiek gebruik. Die bekendste is egter sonder twyfel die konsertina.

Die konsertina is meestal die hoofinstrument in 'n boereorkester. In Grey se boereorkester is almal goed bekend met Lourenço Gouveia se optredes oor die afgelope jare. In Suid-Afrika word daar onderskei tussen die sogenaamde Engelse konsertina en die 'Boerekonsertina'.

Die onderskeid word gemaak op grond van die manier waarop die konsertinas gemaak word sowel as die unieke klank wat deur elke instrument voortgebring word. Daar moet onthou word dat die internasionale klassifisering van konsertinas op grond van knoppie-uitleg gedoen word.

Die Boerekonsertina se klank en uitleg verskil redelik baie van dié van die Engelse konsertina. Die kante van die Boerekonsertina is meestal van hout en soms helderkleurig. Die krulpatroon, wat kenmerkend is van die Engelse konsertina, is afwesig.

Die klank van die konsertina word voortgebring deur twee of drie fluitjies per noot. Sommige konsertinas kom uit die buiteland, maar baie word ook in Suid-Afrika vervaardig.

- Kevin Kok

Vars asem is steeds op soek na nuwe lewensdrome

Ons staan op die randjie van 2011. 2010 was op 'n musikale vlak 'n reuse sukses, of so sê almal. 'n Vars asem is in die "musikklonke" van Grey ingeblaas, haar naam heet Joanita Erasmus. Stabilis het gevoel dis nodig om hierdie nuwe fenomeen 'n kans te gee om haar sê te sê: *Wat is u groot droom?*

Ek LEEF daarvoor om drome na te jaag. Daar moet vir my altyd 'n "uitsien" in die toekoms wees. Een van my grootste drome was om met 'n koor in Europa te gaan toer. Ek was baie geseënd daarin dat daardie droom vir my verwesenlik is. Ek vertrek op 30 November op my derde Europese koortour.

'n Nuwe "challenge"; ek sien 'n nuwe mooi haarstyl; 'n nuwe jaar 2011 – wat is in die pyplyn?

Beslis om meer tyd in die gym deur te bring! Verder net om elke dag voluit te leef.

Wat is u gunsteling?:

Kos: Lasagne.

Akteur: Ralph Fiennes

Aktrise: Juliette Binoche

Boek: Enigiets van John Eldredge
Kunstenaar: Dit wissel omtrent maandeliks.

Ons Grey-manne probeer gewoonlik om in ware gentleman-

styl die dames tuis te laat voel, maar dit bly 'n moeilike aanpassing - hoe vind u die nuwe omstandighede veral dan die feit dat Grey: 1. 'n seunskool is? en 2. Parallel-medium is?

Die aanpassing was baie makliker as wat ek gedink het. Die seuns het my dadelik welkom laat voel. Ek dink dat daar baie voordele in 'n



enkelgeslag-skool te vind is. Daar is nie kompetisie tussen die geslagte nie en die twee geslagte hoef mekaar ook nie te "beïndruk" nie.

Ek het my onderwysloopbaan in 'n parallel-medium skool begin, maar dit was baie jare gelede, en soos julle weet, gebruik ons Vrystaters mos nie juis die "rooi taal" nie.

Wat was u "most embarrassing moment" en hoe het u daar van

herstel?

Ek moes vroeër vanjaar 'n koor begelei wat die Halleluja-koor van Händel gesing het. Ek weet nie wat gebeur het nie, maar my kop het my totaal verlaat! Die inleiding was 'n absolute ramp! Ek is in 4 mate deur omtrent 12 toonsoorte, plus 'n klomp chromatiese note! Om alles te kroon, dra ek daardie aand 'n rooi, skouerlose minirok gedra en my hare was bietjie woes. Dit was dus 'n beide oudi- en visuele gebeurtenis wat nie maklik gemis kon word nie! Of ek al herstel het, is 'n ope vraag....

Met 2010 se Musiekfees so suksesvol is ek seker dat die musiekdepartement reeds aandag gee aan die 2011-verrigtinge. Is u deel daarvan en mag ons 'n "glimpse" kry van wat kom?

Ja, as deel van die musiekdepartement sal ek verseker daarvan deel wees, iets waarvoor ek baie opgewonde is. Die band en marimba-groep is my afdeling, en sodra die tema gefinaliseer is, gaan ek sommer al die vakansie aan die werk spring om musiek vir my groepe te kry.

Wat is u lewensfilosofie?

Om die beste "ek" te wees en te word wat ek kan en om nooit daardie "soeke" te staak nie.

- Tian Nienaber



Copy, Print, Scan, Fax, Telecoms, Intercoms,
CCTV, Generators, Toner, Paper and Stationary.

ITEC Free State
14 CP Hoogenhout Street, Langenhovenpark, Bloemfontein
Tel: +27 51 446 2440
Web: www.itecgroup.co.za

Supporter of Grey College





REDAKSIONELE KOMMENTAAR STABILIS

Skakel tog aan op Vrydae!

Grey is 'n fantastiese skool in baie opsigte. Daar is eenheid in diversiteit - iets wat ons land as geheel nie eers behoorlik kan regkry nie. Dis eintlik jammer dat mense die skool en sy leersers dikwels stereotipeer. Ja, ons is goed in rugby, maar ons was ook verlede jaar die beste Skeinat- en Wiskundeskool in die provinsie. Ek wonder hoeveel mense weet dit?

Die vierde kwartaal was nie veel van 'n sportkwartaal nie, maar daar het baie gebeur. En dit bring my tot my punt: Grey-Vrydae.

As 'n Grey-Vrydae een van die lekkerste tye van die week is, dan is 'n Grey-eksamen die prys wat ons daarvoor moet betaal. Vanjaar het baie tyd verlore gegaan - tyd wat vir ander (akademiese) doeleindes gebruik kon word. Dit was nie 'n onhanteerbare krisis nie, maar op die tipiese Grey-maniër het ons die situasie so 'n klein bietjie vir onself vererger.

Probeer vir 'n oomblik om aan 'n Vrydag in die vierde kwartaal te dink wat ononderbroke aan akademiese gewas. Slegs een val my by en dit was snaaks genoeg die enigste dag in daardie betrokke week waarop ons ons regtig met akademiese besig gehou het. Ja, daar is ander dinge wat dikwels op Vrydae gebeur en baie koshuiskinders gaan huis toe omdat hulle nie anders kan nie en ja, onderwysers is dikwels op Vrydae saam met van die seuns weg op toere, maar daar is een of ander selfvermiettende geen binne elke Grey-seun wat hom dwing om op Vrydae af te skakel.

Grey-Vrydae is lekker, almal weet dit, maar baie Graad 11-leerlinge was lieferlik ontsteld oor hulle vol eksamenroosters vir die jaareindeksamen. Is dit egter regtig iets waarvoor ons die reg het om te kla? As mnr. Volsteed mooi vra dat die seuns in die klasse moet bly en werk op 'n Vrydag, gee ons altyd aan sy gehoor aan sy versoek? Hierdie is vrae wat ons eerlik moet probeer beantwoord, want dit het 'n baie reële en aanvoelbare uitwerking.

Die vraag moet egter ook gestel word: is die seuns die enigste skuldiges? Is van die onderwysers self nie ook partykeer op Vrydae 'n bietjie te "rustig" om al hulle energie in die handhawing van orde in te stort nie?

Grey Kalender

November 2010

NAWEEK

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
1 Herstel van die naweek	2 Herstel van Maandag	3 Werk... .. miskien	4 Maak reg vir naweek	5 GREY VRYDAG	6	7
8 Herstel van die naweek	9 Herstel van Maandag	10 Werk... .. miskien	11 Maak reg vir naweek	12 GREY VRYDAG	13	14
15 Herstel van die naweek	16 Herstel van Maandag	17 Werk... .. miskien	18 Maak reg vir naweek	19 GREY VRYDAG	20	21
22 Herstel van die naweek	23 Herstel van Maandag	24 Werk... .. miskien	25 Maak reg vir naweek	26 GREY VRYDAG	27	28
29 Herstel van die naweek	30 Herstel van Maandag					



The passion of this school is unmatched

In the mid 80's I began my studies at Kovsies. During this time I started to follow Grey rugby, who played many of their matches at

the old Springbok Park. Being a sportsman myself, who went on to represent my country, I always watched in amazement how these young men played. Their discipline, skill level and passion for the game, I soon realized, were unmatched anywhere in our country. I attended the Music Festival

in the Sand this year, witnessing the choir performing with a top musician like Karen Zoid. In these days, when we can only criticise and find fault, I would like to say thank you and well done! I now know that I made the right choice for my child.
Regards
Anonymous

Redaksielys 2010

KERNREDAKSIE
Hoofredakteur: Christoff Odendaal
Subredakteur: Nuus
 Melo Mtombeni
Subredakteur: Sport
 Hendrik Wilken
Subredakteur: Diepte
 Wimpie Greyvenstein
Subredakteur: Joernaal
 Henri Brummer
Subredakteur: Kultuur
 Wijbren Nell

NUUSREDAKSIE
 Billy Grünow
 Simon Sonnekus
 Claudio Achadinha
 Quintin Beukes
 Luan Reynders
 Reinhard Arndt
 Jarryd Scholtz
 Vince de Beer

SPORTREDAKSIE
 Peter van Biljon
 Helgard Claassen
 Phil Boshoff
 Jan-Willem Ras
 Jason Long
 Pieterjan Eloff
 Armand Pretorius
 Julius Zerwick

DIEPTEREDAKSIE
 Björn Anderson
 Graham McFarlane
 Dianno Baatjies
 Faiq Fredericks
 Malan Bosman
 Daniël Steenkamp

KULTURREDAKSIE
 Kevin Kok
 Tian Nienaber

JOERNAALREDAKSIE
 James Rothmann
 Willie Louw

KUNSTENAARS
 Thomas van Delft
 Casper Schutte

FOTOGRAWE
 George Briedenhann
 Riaan Carr
 Le Riche Coetzer
 Hanno du Preez
 Henry Galloway

Franco tokkel die kitaar met styl

MK musiekvideo dien as aansporing vir uitlewing van kreatiwiteit



Christoff Odendaal saam met Franco du Toit in die Fischer-tuin.

Foto: Simon Sonnekus

1) Hoe voel dit om lid te wees van die eerste band uit Grey wat op MK 'n musiekvideo het?
 Ag, ek dink dis 'cool', want dit kan dalk meer musikant by Grey inspireer om bande te begin as hulle sien dat mens 'n sukses daarvan kan maak.
 2) Hoekom het jy geleer kitaar speel?
 Toe ek in gr. 2 was, het ek verby die hoërskool geloop en gehoor

hoe die kinders klavier oefen. Ek't toe vir my ma gesê dat ek wil leer om klavier te speel, maar klaviere is 'obviously' baie duur. Toe koop sy vir my so 'n R200 se kitaartjie ek begin in die boere-orkes speel en die res is 'history'.
 3) Wat voel jy elke keer as jy 'n solo voor die skool moet speel?
 Ag, dis baie vleidend as jy kan sien dat mense waardeer wat jy doen.
 4) Watse 'tune' werk altyd om die

kinders opgewonde te maak?
 Enigiets met 'n 'groove' soos Michael Jackson se Beat It.
 5) Wie is jou inspirasie?
 Jack Parow, die Antwoord... Nee, ek grap. Mense soos Mandela en ook Jimi Hendrix, natuurlik.
 6) Hoe't die band bymekaar gekom?
 Wel, die huidige 'line-up' het in 2008 bymekaargekom om aan Rokspraak deel te neem. Ons

moes in so 2 maande 3 liedjies skryf vir die kompetisie en toe wen ons sommer...
 7) Wat almal waarskynlik wil weet: hoe voel dit op 'n verhoog voor soveel mense wat betaal om vir jou te kyk?
 Vir elke musikant behoort dit die kern te wees om 'live' te speel en jou kuns te beoefen: om emosie oor te dra en tegniese vaardighede uit te oefen.

Sif
 Gunstelinge:
 Koel drank Cream Soda
 Kos Lasagne
 Flik Lord of the Rings
 Boek Koos Kombuis se Sex, Drugs en Boeremusiek
 Aanhaling "When the power of love overcomes the love of power, then the world will know peace" - Jimi Hendrix

GESKIEDENIS

**Grey Kollege
25 jaar gelede**

In 1985 was Grey 130 jaar oud. Die skoolhoof in dié jaar was dr. M.G. Heyns, 'n streng en presiese onderwyman. Die bouwerk aan die skool, asook die skuif van die Tuck Shop na sy huidige posisie, was so te sê afgehandel.

Gedurende 1985 verloor Grey een van sy groot geeste onder die



Mnr Travers Jordaan

personeel - mnr. Travers Jordaan, sonder twyfel nog 'n legende sonder vergelyking. Hy en sy planksal sal deur baie oud-Greys onthou word.

Die restaurasiewerk aan die hoofgebou is byna afgehandel. In 1986 is die gerestoureerde hoofgebou amptelik onthul as Grey se jongste historiese gedenkwaardigheid. Die opgradering van Hamilton-saal is ook afgehandel en die eetsaal word tot 'n historiese gedenkwaardigheid verklaar.

Twitter se ge'tweet' word al hoe harder na publisiteit oor bekendes


Facebook bly egter steeds meer gewild onder meerderheid van seuns

Die meeste van ons weet wat die kitsboodskap-toepassing MXit en die sosiale netwerk Facebook is, maar wat is Twitter?

Twitter is in 2006 geskep deur Jack Dorsey. Dit het sedertdien wêreldberoemd en gewild geraak met ±190 miljoen gebruikers maandeliks. Wikipedia definieer Twitter as 'n gratis sosiale netwerk en mikrojoernaaldiens. Dit stel gebruikers in staat om teksgebaseerde boodskappe, bekend as "tweets", te versend en te lees.

"Tweets" word deurentyd gepubliseer en aan die outeur se subskripsiegehoor bekend as "followers" gestuur. 'n Persoon moet registreer deur 'n volledige e-posadres te verskaf. J.J. Van der Berg, 'n graad 9-leerder wat Twitter gebruik, sê: "Ek hou van Twitter, maar min van my vriende het dit en dit neem 'n ruk om daaraan gewoond te raak."

"Wat is Twitter en kan 'n mens dit eet?", vra 'n graad 8-leerder wat graag anoniem wil bly. Dit blyk dat Twitter deur minder Grey-leerders as ander sosiale netwerke benut word. Gebruikers kan "tweets" via die Twitter-webwerf, SMS of ander eksterne toepassings stuur. Die meeste Grey-seuns erken dat hulle al Twitter-gesprekke in koerante en



Grafika: Daniël Steenkamp

tydskrifte gesien het, waar beroemde persone soos Oprah Winfrey, Lady Gaga, Paris Hilton, John Smit, Bryan Habana en nog vele meer, hulle ervarings en menings deel.


Alhoewel Twitter deur Alexa

se webverkeeranalise as die tiende gewildste webwerf ter wêreld gelys word, verkies die meeste leerlinge Facebook. Grey Kollege Reünie het ook 'n Twitterprofiel met die jongste nuus en rugby-inligting. Bekende oud-Greys wat

"tweet", is Helgard Müller en Ryk Neethling. Twitter se bekende slagspreuk lui: "Wat gebeur?". Nou weet ons wat op Twitter gebeur! "Tweet-tweet" - daar is altyd aksie in hierdie nes!

- Daniël Steenkamp

A true master uses technology efficiently in class



Miss Chris-Marie Liebenberg is an avid user of the whiteboard.

Photo: Supplied

With smart boards and projectors popping up in every second class, one has to wonder, are they being used to their full potential?

When asked about this, Mr. Paul Potgieter of the I.T. Centre had this to say, "Well, it all depends whether they are used within the right context. I personally believe that the children of today learn easier if they can associate the information with a visual effect. An example of this can be seen in a geography classroom; the teacher can use Google Earth to show appropriate examples. In history photographs

of certain historic events can be obtained quite easily."

When asked about where to from here, he had this to say, "Well, we are planning to initiate a Cloud Computer system. This system involves putting the day's lessons on the school website, available for all to see and freely available. Learners who are absent from school can therefore obtain the work done in class on the internet. Similar systems are already operational at the Universities of Stellenbosch and Pretoria."

David Kairuz had this to say

about the smart boards, "The boards are used to their full potential, especially when we get to watch movies on them."

Albert Einstein once said that, "Things should be made as simple as possible, but not any simpler." Life may be made simpler by the advancement of technology but it should not be simplified. There is no replacement for the human brain. "One machine can do the work of 50 ordinary men. No machine can do the work of one extraordinary man," says Elbert Hubbard.

- Björn Anderson

Drinking is a personal choice

So, another eagerly-anticipated Friday night arrives - yet one is so often at a loose end.

Studying holds absolutely no appeal, quite obviously. The ideal solution would arrive in the form of an invitation to a night out, as this will stave off boredom and also create an opportunity to meet new people.

Unfortunately, it is a generally held fact that alcohol is an intrinsic part of any "night out", more often than not accompanied by cigarettes. Equally inevitable is the undeniable temptation of these two evils. And now the burning question - is it fine to drink while one is still at school?

Dries Swanepoel, newly-elected school captain, is of the opinion that "drinking is a

personal choice, but because one is in Grey, one is a very visible example of this great school. Drinking in public thus undermines the name of the school."

An anonymous learner said, however, "It just happens. You get into 'kuiering' with your friends and although it is wrong, like hubbly, you still carry on doing it to socialise."

Perhaps the law should be amended to prohibit drinking before the age of 18 - not to make young people "miss out" on life, but to forcibly protect the youth. Drinking has a detrimental effect on school work.

There are better ways to deal with boredom - and imagine studying with a hangover!

- Graham McFarlane



Pharmacists who care

Shop 68
Northridge Mall
Bloemfontein
Tel (051) 4331001



Proud supporter of Grey College



Cultural groups do not think alike because of background

During a recent assembly, Mr Johan Volsteedt, headmaster, asked that each respective language group raise their hands separately. Everyone was wondering, "What is this all about?"

During an interview with Stabilis, Mr Volsteedt was able to answer some of our questions, commenting as follows, "Firstly, it is not at all sudden, as I have been thinking about it for about 3 or 4 years. What I want to do is ask each language/cultural group at the school what their perceptions and opinions are about the school, as well as where they believe we can make some improvements."

Mr Pierre Hugo, Accounting teacher, believes, "Every language group experiences things at Grey in a way that their culture has 'instilled' in them."

He adds, saying that, "By determining how each group responds to the ways at Grey, solutions can be found for discrepancies between language groups."

An anonymous learner's opinion is, "This is a good plan, because due to this, every individual will have a say in the school's development and success."

Mr Volsteedt says, "We want to become better on the inside, because it is of no use if people outside the gates say that we are a great school, but in reality things are not as they seem."

So how will this endeavour pan out? Well, we'll just have to wait and see!

- Dianno Baatjies

'Ons moet tradisie oordra'

Positiewe oriëntering bly noodsaaklik in skoolopset



Oriëntering is 'n eerste stap tot Grey se unieke tradisies, soos die matrieks se laaste dag. Foto: Riaan Carr

"Oriëntering (of ontgroening) was nog altyd deel van Grey se manier om nuwe leeders in die skool asook in die koshuise welkom te heet," sê mnr. Dries van der Wal, adjunkhoof en huisvader van Leith-huis.

Oriëntering is 'n sterk tradisie by Grey. Wanneer vandag se oriëntering egter met dié van voorheen vergelyk word, kan ons sien dat die pot deesdae effens misgesit word. "Oriëntering mag nooit gebruik word om leeders fisies of geestelik af te breek nie.

Dit (oriëntering) mag ook nie die gees en karakter van Grey negatief beïnvloed nie," meen mnr. Van der Wal.

Mnr. Francois Prinsloo, 'n oud-Grey, sê dat elke standerd ses in sy dae tydens oriëntering die Grey-liedboek sowel as die skool se ryke geskiedenis moes ken. So is oriëntering dan op 'n opbouwende wyse aangewend. Grey is waarlik 'n tradisieryke instansie. "Oriëntering is daar om die leerdes te verwelkom en bekend te stel aan die tradisies van Grey," herinner

mnr. Van der Wal.

Mnr. Francois Prinsloo sê dat oriëntering ook 'n gevoel van samehörigheid gee. Wanneer 'n tradisie egter nie positief en opbouwende aangewend word nie, word ons geliefde skool in die naam van tradisie skade aangedoen. Van hier af en vorentoe sal oriëntering dus op 'n nuwe manier aangepak moet word as hierdie waardevolle en onmisbare tradisie ten volle benut wil word.

- Malan Bosman


HISTORY

Grey College 125 years ago

In 1885 Dr Johannes Brill was the rector of Grey College. The Grey Reunie, founded in 1884, was just one year young.

Probably the most important event of 1884 and 1885 was the conversion of Grey College from a so-called church school to a government school. The assets of the school had to be transferred to the state. During this time it was recognised that the school might grow rapidly in the near future. Several committees were established to investigate the possibility for new school buildings.

Dr Brill was widely regarded



Dr Johannes Brill

as an innovative educator. During this time his efforts began to bear fruit, establishing Grey College as one of the best educational institutions in South Africa.

Dr Brill played a crucial part in providing the necessary guidance to prepare Grey College and the Free State Republic for the fast-approaching war against imperialist Britain. His role can never be underestimated.

enjoy the game | naturally

todytap

A proud sponsor of the boys under 16 Rugby Team

www.bloemwater.co.za

POWERED BY

PVM

NUTRITIONAL SCIENCES®

Epidemic of plagiarism inhibits creativity

Plagiarism has become an epidemic with the arrival of the technological age with easy access to information.

Something that is plagiarized can be defined as a piece of written work or an idea that somebody has copied and claimed as his or her own. Although this term might not be familiar with many people, it is still performed by many, whether they knew it or not.

Teachers are becoming stricter on plagiarism in school projects; "if you hand in a plagiarized article you will get zero," is what miss Joubert had to say when handing out an English task.

There are two reasons why teachers take plagiarism so seriously. The first being the fact that authors and journalists work hard and deserve their credit; nothing can be more frustrating for a journalist than to find one of his articles under the name of another party.

Secondly teachers want their learners to understand their research, and rightfully so; anybody can copy and paste from the internet.

Currently plagiarism is not just seen as academic dishonesty, but also falls under copyright



which forms part of the Intellectual Property laws in South Africa, where further legal action be taken - you could go to jail.

One of the biggest sources of plagiarism lies in schools. Children that are simply too indolent to put some effort and pride in their work, and children with a lack of imagination and creativity, form the basis for plagiarism.

Other cases where proper

citations are omitted are just as good as claiming you wrote "Romeo and Juliet."

In order to make sure you don't fall victim to this crime always double check your work, making sure you didn't forget any citations, copy a phrase word for word or merely put your name on another person's work because you "didn't understand the assignment."

- Faiq Fredericks

Ten spyte van die sport word daar 'mos' akademies verkeer op Vrydae

Gebrek aan tyd in klasse noodsaak onnodige duur ekstra klas vir talle



"en waar ons akademies verkeer...mos!" Hierdie is die woorde van, wel ek's nie seker wat die lied se naam is nie, maar dis nie die punt wat ek hier wil maak nie; die punt is dat Grey, volgens sommige seuns en ouers, nie na behore die "werk" doen waarvoor hulle eintlik betaal word nie.

Daar is 'n magdom opinies oor die standaard van akademiese werk by die skool. Baie ouers voel dat daar by Grey nie naastenby genoeg aandag geskenk word aan die akademiese werk nie.

Die volgende stelling word deur baie ander seuns gedeel: "Ek is nie so seker of dit werklik die moeite werd is om elke Vrydag skool by te woon nie. Drie uit elke vier Vrydae gebeur daar min tot niks by die skool."

In baie gevalle is daar amper geen ander keuse as ekstra klasse nie. Dit geld veral in moeiliker vakke soos Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Rekeningkunde. Sommige ouers voel ongelukkig oor die feit dat hulle moet betaal vir ekstra klasse terwyl daar, volgens hulle, akademiese tyd verlore gaan.



Leerders vind dit moeilik om 'n gesonde balans tussen sport en akademie te vind. Foto: Le Riche Coetzee

Aan die ander punt van die skaal maak die Vrystaatse Departement van Onderwys jaarliks melding oor die skool se puik akademiese prestasies. Grey en Eunice was vanjaar twee van slegs tien skole in die land wat die ontvangers was van groot kontantpryse van Anglo American vir prestasie in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde.

Dus: Grey, wat volgens baie nie na wense akademies presteer nie, kan op grond van feite as een

van die top akademiese skole in die Vrystaat bestempel word. Ek wonder, aangesien ons een van, indien nie dié beste sportskool in die land is nie; word ons dan volgens dieselfde standaard akademies gemeet?

Ouers van Gr.8-leerlinge het reeds die skool gebel om uit te vind of daar ekstra klasse in kinders vakke beskikbaar is. As 'n ouer nie genoeg vertroue in sy kind het om graad 8 te slaag nie, is die kind dalk by die verkeerde skool. Slegs die

kind en onderwyser kan iets aan hierdie saak doen. Aangesien Grey die hoogste kaliber onderwysers lok, hang dit eintlik net van jouself af of jy gaan presteer of nie.

So, in plaas daarvan om jou onderwyser en Grey-Vrydae vir jou akademiese vertoning te blameer, gee jouself eerder 'n goeie kyk in die spieël en besluit of jy jou geleentheid gaan maak werk. Indien nie, moet jy twee keer dink voor jy terugkom volgende kwartaal.

Dragon tattoo mystery grips

A book with 533 pages would usually not even be considered as reading material by school boys, but give this book a chance...

Volume 1 of the Millennium Trilogy, *The girl with the dragon tattoo* is followed by two more books by author Stieg Larsson, namely *The girl who played with fire* and *The girl who kicked the hornet's nest*.

The thriller follows the activities of two people, Mikael Blomkvist, an investigative financial journalist who is hired by a wealthy businessman to solve the disappearance of Harriet Vanger and Lisbeth Salander, an enigmatic, delinquent and dangerous security specialist.

Throughout the book these two, Blomkvist and Salander, are lodged into the reader's minds and hearts as you too become inticed and even obsessed with the mystery. This book is several cuts above most thrillers. It's complexity, gripping plot and deeply intriguing characters ensure that it is a true masterpiece. One which anyone who enjoys a good story will appreciate.

- Willie Louw



Heuwels Fantasties se invloed groei steeds



As mens aan lekker-saamsing-musiek met intelligente lirieke dink, wat gepas is vir enige geleentheid, spring die naam *Die Heuwels Fantasties* (DHF) dadelik in jou kop. Dié groep, wat net meer as twee jaar gelede begin is om te toets of die ore van ons Suid-Afrikaners reg is vir elektroniese musiek, is sekerlik vandag die groep met die meeste aanhangers en invloed in die Suid-Afrikaanse "rock scene".

Die alombekende 'electro'-rockgroep uit Bellville het onlangs 'n nuwe album uitgereik.

Hunter Kennedy, Pierre Greef en Johnny de Ridder, die oorspronklike lede van die groep, se debuut-album is byna 'n jaar-en-

'n-half terug uitgereik. In tussen tyd het die groep bietjie van vorm verander. Fred den Hartog (voorheen van *Die Helde* en tans *Thieve*) slaan deesdae die kitaar, terwyl sy mede *Thieve*-lid, Phillip



Erasmus, agter die tromstel is. Johnny help nou slegs in die studio uit as gevolg van groener finansiële weivelde met sy "recording studio".

Die nuutste uitreiking in die middel van November is 'n ware versamelstuk. Die *Deluxe Edition* (soos dit genoem word) bevat al die liedjies van hul vorige self getitelde CD, maar ook 'n DVD met al hul musiek-videos op. As of dit nie genoeg is nie het hulle nog vyf ekstra nuwe liedjies, wat nie op

die vorige CD was nie, aanmekeer geslaan.

Die vyf nuwes is maar net 'n voorsmaak van hul nuwe CD wat vroeg volgende jaar die lig sal sien en gee 'n goeie idee van die energie wat die twee nuwe lede by die unieke klank van DHF voeg.

Die van julle wat al *Bakgat 2* gekyk het sal *Doodgewone Aand* herken, wat op die klankbaan van dié tiener-rolprent is. *Way to Go* is 'n lied wat hulle saam met *Thieve* opgeneem het, met 'n musiek-video op pad wat deel vorm van Die MK MVP (musiek video projek). Op die CD is daar ook 'n remix van *Our Heritage*, die Braaidag-liedjie waarin *Jack Parow* 'n verskyning maak. Hulle weergawe van *Ek dink aan jou* (as dit reën) het 'n hele nuwe ritme en melodie. Die album bevat óók 'n akoestiese weergawe van *Pille vir Kersfees*.

Die *Heuwels Fantasties se Deluxe Edition* is 'n geslaagde poging om weer hul ouer treffers maar ook hul nuwe liedjies se ritmes in ons harte te laat klop. Vir enige Afrikaanse rock-aanhanger se iPod is dié album noodsaaklik.

Vrede
Bob Sands

ivid
Be fruitful and multiply...
FOR ALL YOUR DESIGNING, LAYOUT & PRINTING REQUIREMENTS
59 Parfitt Avenue, Park West, BLOEMFONTEIN
Mobile: 082 576 3143 · ivid@netactive.co.za

Inspired.
Motivated.
Involved.
Standard Bank

Judo is stoei met tegniek

Judo is een van die vele sportsoorte by Grey wat nie terugstaan vir ander skole of provinsies nie.

Dit is baie na aan stoei, maar bestaan uit verskillende goeie en grepe. Dit hang ook af hoe jy jou opponent gooi of in 'n greep plaas. Die deelnemer kry punte op grond van verdedigende of aanvallende tegniek. Dit word bestempel as 'n redelike tegniese sport. Die wenner is dié persoon wat sy opponent op sy rug kan vaspen vir langer as 25 sekondes. Al is daar nie baie leeders in die skool wat judo doen nie, lewer hulle wel puik prestasies.

Judo is 'n sport wat enigiemand kan doen, want dit oefen al die spiere in die liggaam. Dit dien ook as terapie vir blinde en gestremde persone. Rudolf van Schalkwyk, 'n graad 11-leerder wat al vir 10 jaar judo doen, sê dit is vir hom verskriklik lekker om judo te doen, want dit is kalmerend en hy kan ook al sy frustrasies op sy opponent uithaal. Rudolf het 'n tweede plek vir kata by die SA geslote kampioenskappe behaal, asook 'n silwer en brons by die SA Ope kampioenskappe. Albei kompetisies was in Vanderbijlpark. "Dit was baie sterk kompetisie, ek het myself eintlik verras. Ons afrigter was ook baie trots op ons span," sê Rudolf.

Hierdie was 'n uitstekende jaar met uitslae vir judo met Ian Lombaard, Albert Visser, Eben van Schalkwyk, Rudolf van Schalkwyk en nog meer wat baie goeie prestasies behaal het.

Die Suid-Vrystaatspan, een van die kleinste provinsies, ryg altyd baie medaljes in en lewer 'n hoë standaard van judo.

- Julius Zerwick

Old Greys revives spirit

Past generation ensures continuous support for school

In the middle of October Grey College commemorated 155 years of its existence by hosting "Past" versus "Present" sporting matches. This event, held annually on the school's birthday, sets the platform for Grey boys both past and present to show off their steel.

The day kicked off with an assembly period during which prior school captains gave motivational speeches to their fellow, younger generation. This left the Grey boys inspired to run for gold in the race around the school. The only difference was

that the prize at the finish line was to be a Coke and doughnut!

The day was marked by a multitude of sporting events. Rugby, cricket, soccer, tennis, squash and even mountain biking took place. This day is a Grey supporter's dream. All matches were played in a very good "Grey spirit".

With the "Past" winning some events and the present winning others, it was definitely an evenly contested event. The present team won the first team hockey match by 7 goals to 2. It did not go much better for the past generation in the second team match with the present team winning by 6 goals to 4. The touch rugby competition, a new innovation, was won by the past team. The past soccer team showed their experience by beating the present team 4-3. On the tennis courts, the past players proved to be far too strong. The first team lost 3-6 while the second team lost 0-9 to the old masters.

The Founder's Day Street mile also took place during this week. Bennie Prinsloo won the /15 section while Dougie Wilson and Edward van der Merwe finished joint first in the /19 section. Nicolaas Immelman received a special award for completing the entire distance on crutches. At the end of the day it was not about winning or losing, but rather about being part of such a great tradition passed down from one generation to another.

This was also a day where old friendships were renewed and new ones formed, in anticipation of the next clash in 2011.

- Jason Long



Mr JD Ferreira represented the Past team.

Photo: Le Riche Coetzer

RESULTS

Waterpolo



Grey vs

Affies en Pretoria Boys High

Eerstespan

Affies /16A	wen	23-1
Pretoria Boys /16A		
	verloor	7-9
Pretoria Boys 2de		
	wen	7-4

Tweedespan

Affies 2de	verloor	5-8
Pretoria Boys /16B		
	verloor	7-9
Pretoria Boys 2de		
	verloor	3-10

o/15 A

Affies /15A	wen	13-3
Pretoria Boys /15A		
	verloor	5-10
Pretoria Boys /15B		
	wen	20-3

o/14 A

Affies /14A	wen	6-5
Pretoria Boys /14A		
	verloor	3-6
Pretoria Boys /14B		
	wen	13-2



PROUD SPONSOR OF

Grey College Rugby

Leaders in formwork & scaffolding technology

Don't delay. Phone OUTsurance today to experience hassle-free insurance cover.

OUT
SURANCE
08 600 60 000

Please visit our website at www.outsurance.co.za
OUTsurance is an authorised financial services provider.

Belangstelling in sokker neem toe onder alle groepe

Baie sokkerspelers werk hard. Baie is selfs talentvol, maar dit is die Grey-manne wat al hierdie eienskappe het!

Die jaarlikse FNB-toernooi kan as bewys gebruik word van die kwaliteit van die sokker by Grey. "Die FNB-toernooi beteken baie vir die skool, veral in die sin dat Grey se sokker besig is om te groei en te verbeter. Dit is die kompetendste toernooi op onder 19-vlak," sê Kris Figueira, kaptein van die eerste sokkerspan.

Volgens mnr. Ludwig Koekemoer, sokkerafriigter en-organiseerder by Grey, het die belangstelling in sokker beslis toegeneem na die Wêreldbeker.

Hoewel Grey se eerste sokkerspan al baie welslae behaal het, was dit nie altyd 'n prettige draffie nie. Hulle het met harde werk en jare se toewyding hul doel bereik: om vir hul skool se eerste sokkerspan uit te draf.

'n Mens hoor dikwels van Grey-rugbyspelers wat na skool sukses behaal. Daar is talle sokkerspelers wat dit reggekry het om hul passie vir die spel in 'n beroep te omskep. Dino Visser, Goodwill Mokoena en Keamo Wolff het al vir Platinum Stars, Bloemfontein Celtic en Supersport United uitgedraf.



Kris Figueira is kaptein van die eerstespan.

Foto: Simon Sonnekus

Moet Afrikaanse leerlinge betrokke raak by sokker? "Beslis ja," sê Kris. "Afrikaanse leerlinge is geneig om meer aggressief te

wees en dit is nodig as jy groot hoogtes op 'n sokkerveld wil bereik!"

- Phil Boshoff

Krieketspelers presteer uitstekend toe hulle volle potensiaal bereik

Goeie oorwinnings oor St David's en St Stithians bevestig talent

Krieket vervelig? Wel, verseker nie as Grey se eerstespan die veld betree nie! Die energie en passie waarmee hierdie seuns die spel benader, beloof 'n blink toekoms vir krieket by Grey.

"Dis 'n baie jong span wat gretig is om te leer en hard te werk," sê mnr Pierre Hugo, die afrigter van die span.

Alhoewel die span baie jonk is, het hulle reeds daarin geslaag om gesoute krieketskole soos St David's en St Stithians die afgelope seisoen te klop. Daar was egter ook laagtepunte soos hul nederlaag teen Affies, maar mnr. Hugo bly positief: "Daar was tye wanneer hulle onder hul potensiaal presteer het. Waar hul egter gespeel het soos hul kan, was hul uitstekend."

Die span is 'n sterk eenheid, wat onderhandelbaar is in die resep vir 'n wenspan. "Die spangees is baie goed. Ons is almal goeie pelle, wat die gees nog sterker maak," sê Corné Dry, die openingsboulwer van die eerstespan, wat al menige kolwer pawiljoen toe gestuur het.

Die positieweit van die seuns met die hulp van 'n groep uitstekende afrigters, beloof slegs sukses vir die volgende seisoen. "Onder mnr. Volsteed en die ander afrigters se leiding leer ons baie en is ons ook positief oor die jaar wat voorlê. Dit is 'n ongelooflike



Corné Dry open die boulwerk vir die eerste krieketspan.

voorreg om daardie wit kep op te sit en ek sien uit na die volgende seisoen." So sê Fritz van

Schalkwyk, een van die belovende jong lede van die span. Hierdie is sonder twyfel 'n span vol

Grey't' potensiaal wat nog heelwat beter kan presteer.

Foto: Riaan Carr

- Pieterjan Eloff

RESULTS

Cricket



Grey vs St David's

First Team

St David's batted first and scored 139 all out
Grey scored 140 without loss
Grey won the match by 10 wickets

Second Team

Grey batted first and scored 203 all out
St David's scored 155 all out
Grey won the match by 48 runs

Third Team

St David's batted first and scored 178 all out
Grey scored 180 for four wickets
Grey won the match by 6 wickets

Fourth Team

Grey batted first and scored 172 for 3 wickets
St David's scored 112 all out
Grey won the match by 60 runs

u/15A

St David's batted first and scored 186 all out
Grey scored 187 for four wickets
Grey won the match by 6 wickets

u/14A

St David's batted first and scored 238 all out
Grey scored 240 for two wickets
Grey won the match by 8 wickets

u/15B

Grey batted first and scored 230 all out
St David's scored 111 all out
Grey won the match by 119 runs

Vaardigheid bly belangriker as aanvullings

Daar word altyd gesoek na nuwe maniere om sterker, groter en beter as jou opponente te wees. Net soos by meeste ander skole wat ernstig oor sport is, het aanvullings 'n deel geword van Grey se oefenprogram.

Vanjaar het PVM die nodige aanvullings aan die eerste rugbyspan verskaf. Die vraag is egter: hoe groot is die verskil wat dit maak? Henco Greyling, lid van die eerste rugbyspan, se antwoord hierop was: "Dit maak 'n groot verskil. Dit help jou om vinniger

spiere te bou en vermeerder jou krag." Baie dieetkundiges stem hiermee saam.

Daar is egter ook kenners wat glo dat aanvullings wat by sport toegelaat word, nie 'n groot verskil kan maak nie. Hulle teenkanting teen byvoorbeeld "protein shakes" is dat meeste mense se dieëte reeds baie proteïene bevat. Die liggaam kan net 'n sekere hoeveelheid proteïene op 'n slag gebruik. Volgens die kritici van die aanvullings-industrie kan 'n oordosis proteïene selfs tot

nierprobleme lei.

Die voordele van aanvullings is vanselfsprekend. Daar is egter ook nadele, veral by die onbekende produkte, waarvan die verkoper jou nie altyd vertel nie. Die aanvullingsbedryf word nie gereguleer nie. Daarom kan die bestanddele wat op die etiket staan verskil van dit wat jy inkry. Die persentasie van 'n middel in die aanvullings is dus veranderlik en jy kan selfs iets onwettig gebruik sonder dat jy daarvan weet.

Dit is een van die redes waarom kenners voorstel dat 'n mens eerder die bekende name in die aanvullingsbedryf moet gebruik.

Dan is daar nog 'n belangriker rede: terwyl bekende maatskappye probeer om die nadele verbonde aan die gebruik van aanvullings minimaal te hou, bevat die meeste onbekende aanvullings gevaarlike bestanddele. Dit is ook nie net rugbyspelers wat graag 'n paar ekstra kilo's wil optel nie, fanatieke liggaamsbouers is byvoorbeeld ook gereelde gebruikers van aanvullings en loop dus die risiko om in die proses skadelike middels in te neem.

Aanvullings help, maar die beste manier om wedstryde te wen is om jou opponente met vaardigheid te uitoorlê. Geen aanvullings kan jou leer hoe om 'n bal te 'pass' nie!

- Helgard Claassen

Rain drenches tennis tournament

This year Grey College once again played host to the country's top tennis schools when presenting the annual Grey ABSA tennis tournament.

The following top tennis schools took part in the tournament over the course of a weekend in October: Grey College, Paul Roos, Pretoria Boys High, Affies, St. Stithians, Kearsney College, Paarl Boys High and Hoërskool Waterkloof.

All 8 schools played well and the tournament was once again a great success.

Grey played an excellent and professional game and finished second in pool A, losing only one of their matches and went on to play in the semi-finals against

Affies, who topped pool B. In the semi-finals, Grey lost 3-6 to Affies.

Mr Naresh Mahabeer, tennis coach, said that, "The Grey boys played with determination and perseverance."

Unfortunately the last session was called off due to the sudden unexpected downpour which left the players wet and the courts drenched. The final results of the tournament were as follows: Grey College shared 3rd place with Paarl Boys High, 2nd place was awarded to Affies, as the final rained out. First place was awarded to Paul Roos for being the best team after not having lost any of their matches.

- Armand Pretorius




**BLOEMFONTEIN
MEDI-CLINIC**
Private hospital
Committed to Quality Care

Cnr Parflet & Kellner Street, Westdene, Bloemfontein
Tel +27 (0)51 404 6666, Fax +27 (0)51 444 1509
www.bloemfonteinmc.co.za

Bloemfontein Medi-Clinic 24 Hour Emergency Centre 0800 051 051





Waterpolo maak steeds stem dik

Bedrywige jaar bied talle geleenthede vir talentvolle spelers in 'n somersport wat voortdurend toeneem in gewildheid.

Gerhard Olivier is 'n staatmaker in die swembad.

Foto: Le Riche Coetzer

Die eerste waterpolospan het vanjaar 'n seisoen ervaar vol wisselende resultate met indrukwekkende oorwinnings en teleurstellende nederlae. Tog het hulle die hele jaar lank op die hoogste vlak deelgeneem en altyd kompetenderende waterpolo gespeel.

Grey is die enigste skool in die Vrystaat wat waterpolo as 'n sport beoefen en dus kry die spelers baie min kans om te kompeteer teen ander skole.

Die span het egter deelgeneem aan die Grey-toernooi, PBH-toernooi en die King Edwards-toernooi. Daniell de Jager, kaptein vir volgende jaar se eerstespan, sê dat dit altyd 'n groot eer is om vir jou skool se eerstespan te speel. Hy is ook vol vertroue dat hulle volgende jaar 'n span om mee te reken sal wees.

Grey bied ook jaarliks die Grey Kollege/ITEC onder 14 waterpolotoernooi aan. Die Grey o/14's het sterk gekompeteer en het 3 uit hul 6 wedstryde gewen. Hulle het onder andere vir Jeppe met 6-0 gewen terwyl hulle in 'n naelby-wedstryd 6-7 teen St. Albans verloor het. Die terugvoer na die toernooi was baie positief en daar is bevestig dat dit van die besgeorganiseerde toernooie op o/14-vlak in die land is.

Mnr. Flos Pretorius, organiseerder van waterpolo, sê dat baie moeite gedoen word om meer blootstelling aan die spanne te gee en dat Grey se waterpolo op 'n opwaartse kurwe is. In Januarie is daar 'n oefenkamp vir alle spelers. Die o/14-, o/15- en eerste spanne gaan almal deelneem aan die S.A. kampioenskappe. Waterpolo is besig om toe te neem in gewildheid, wat 'n blink toekoms voorspel vir hierdie somersport.

- Peter van Biljon

Oop rugbybeursie het kat aan stert beet

Die vraag op almal se lippe. Wat maak Grey-rugby so goed?

Die antwoord is heel eenvoudig. Baie seuns het 'n passie vir rugby en daarom is Grey die beste plek om jou volle potensiaal uit te leef.

SA Rugby het onlangs 'n berig geplaas, tot elke Grey-man se ontsteltenis, dat Grey rugbyspelers koop! Daar is selfs geskryf dat Grey sommige van dié spelers betaal!

Nicolaas Immelman, huidige eerstespanspeler wie se naam ook in SA Rugby genoem word, kan getuig dat hierdie feite nie korrek is nie. Hy het Grey toe gekom,

bloot omdat daar vir hom gesê is dat hy welkom is om 'n Grey-brak te word. Hy betaal dieselfde skoolfooi as enige ander seun in die skool. Neethling Fouché, SA Skole-stut, beaam hierdie stelling. Goeie spelers wil geassosieer word met die skool wat die meeste Springbokke tot nog toe opgelewer het. Daar is tans nege oud-Grey's in die Springbokspan, met Deon Stegmann en Coenie Oosthuizen as die nuwelinge.

Die Reünie-komitee subsidieer wel minderbevooregte spelers in Grey Kollege wat al van jongs af raakgesien is, maar finansiëel nie in staat is om die

jaarlikse skoolgelde te betaal nie. Op hierdie manier lewer Grey ook sy bydrae tot die ontwikkeling van jong talent, wat ook 'n hoofdoel van SARU is.

SA Rugby noem verder dat Grey se jonger spanne swak vaar op die veld. Hulle het egter nagelaat om te noem dat die o/13 A's die Super Series-toernooi vyf keer in die laaste ses jaar gewen het. Hierdie toernooi is sekerlik een van die mees kompeterende laerskool-toernooie in die land. Hulle het ook die o/14 A's se nederlaag teen Selborne College uitgesonder, maar die oorwinnings teen Affies in Pretoria, Paul Roos,

Glennwood en Grey PE (die skool wat bewerings gemaak het dat ons hulle spelers koop) gerieflik uitgelaat.

Daar word nie verniet gesê dat die "hoogste bome die meeste wind vang nie". Sulke negatiewe beriggewing lei daartoe dat die afrigters sowel as spelers se harde werk misgekyk word.

Grey is 'n skool waar daar op alle sportgebiede presteer word en dit is onverstaanbaar waarom rugby altyd uitgesonder word. Indien u nog steeds twyfel, sal 'n wandeling in die Reüniesaal u tot ander insigte bring!

- Hendrik Wilken



Official sponsor
of Grey Sport



Proud Supporter of your School

Bloemfontein (Zastron Str) 051 447 5500 Bloemfontein (Curie Ave) 051 522 0823 Bloemfontein (St Andrews Str) 051 447 4682

it's finger lickin' good.™